

Woensdag 19 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30; 28:16-20

Fokusgedeelte: Matteus 28:19; HK Sondag 25, Vraag 66

Die sakramente as tekens

Volgens ons belydenis (HK, Antw. 65) het Christus die sakramente ingestel sodat die Heilige Gees ons geloof deur die gebruik daarvan kan versterk. Die vraag is egter: Op welke wyse versterk die sakramente ons geloof? Die Rooms-Katolieke Kerk sê dat die sakramente op 'n bonatuurlike, toweragtige wyse uit eie krag genade gee aan die mens wat dit ontvang, mits die persoon dit nie opsetlik verhinder nie. Dit beteken dat die Heilige Gees gebonde is aan en afhanklik is van die bediening van die sakramente deur die kerk. Dit is onskriftuurlik, want die Heilige Gees is self God en sy werking kan nie van die aksies van mense of die kerk afhanklik gestel word nie. Die Gees dra sy krag nie aan die sakramente oor nie.

Daarteenoor bely ons dat die sakramente tekens en seëls is. In hierdie dagstukkies word verder slegs oor die sakramente as *tekens* gehandel. Die sleutelwoorde om dit te verstaan, is *net soos*.

God wil as die groot opvoedkundige deur die sakramente met sigbare sake onsigbare sake aan ons verduidelik. God gee hier aan ons aanskoulike onderwys sodat ons die belofte van die evangelie des te beter kan verstaan. Die sigbare tekens waarvan Hy hier gebruik maak, is water by die doop en brood en wyn by die nagmaal.

Met die water by die doop sê Hy aan my: *Net soos* water gebruik word om die vuilheid van jou liggaam af te was, so was die bloed van Christus jou skoon van al jou sondes. So verduidelik die Here deur die water by die doop die vergifnis van sonde.

By die nagmaal is die gebruik van die brood en wyn as teken ook voor die handliggend en duidelik. Brood en wyn was in die tyd in Israel gewone kos en drank. *Net soos* iemand daardeur gevoed word en in die lewe bly, so verkry ons deur die liggaam en bloed van Christus die ewige lewe. Die brood wat gebreek word, is 'n teken van sy liggaam wat vir ons gebreek is, en die wyn wat uitgegiet word, is 'n teken van sy bloed wat vir ons vergiet is.

So wil die Here deur aanskoulike onderwys die evangelie aan ons verduidelik. So wil Hy ons help om die vergewing van sondes deur die versoening van Christus te verstaan. So wil Hy ons geloof versterk.